

# Gehekelde slang

foto TREVOR BARRETT

**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 200 g groen Pingouin Nr. 5; paar gram elk bruin, naaswit, rooi en geel; hekelpen van 1,50 mm; borduurnaald; akrielvulsel.

**MATE:** Ongeveer 1 meter lank.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; gs - glipsteek; gp(e) - groep (groepe = soveel langbene soos gemeld in dieselfde steek of spasie); weersk - weerskante; vermeer - vermeerder; vermin - verminder.

**AANWYSINGS:** Begin by die kop met groen garing, hekel 10ks plus 1 draai-ks.

Hekel die eerste 5lb-groep in 4e ks vanaf hekelpen, slaan 3ks oor, tweede 5lb-groep in vlg st, gs in laaste ks, draai.

**2e - 19e ry:** Hekel voort met 5lb-gpe in sps tussen gpe van vorige ry, maar vermeer 1gp in elke ry; gs aan einde van 19e ry die laaste st aan eerste st van 19e ry vas om in rondtes te kan voorthekel.

**1e - 100e rondte:** 5lb-gpe, soos gestel.

**101e - 139e rondte:** 4lb-gpe, soos gestel.

**140e - 166e rondte:** 3lb-gpe, soos gestel.

**167e - 172e rondte:** 2lb-gpe, soos gestel.

Knip garing af en werk netjies af.

**Strik vir stert:** Hekel 4ks met geel garing, dan nog 60 rye lb oor die 4 ste, en knip garing af.



## Onderkant van slang se kop en bek:

Hekel 1 rondte kb met groen garing, slaan oor na naaswit en gaan só te werk: 11ks, draai; hekel 2 rye kb oor dié 11ks, slaan oor na lb en vermeer 1 st aan weersk.

Hekel voort, afwisselend met 1 ry kb en 1 ry lb, en vermeer telkens 1 st aan weersk in vlg 15 rye.

Verminder vanaf 16e tot 30e ry 1 st aan weersk. Knip naaswit garing aan einde van 30e ry af.

Heg geel garing vas en hekel 1 rondte kb om rand; knip geel af.

Stop slang se lyf styf op met wasbare akrielvulsel.

Heg bruin garing vas en hekel 'n rondte kb, maar steek hekelpen terselfdertyd deur rand van groen lyf, om kop en lyf so van onder en bo aan mekaar vas te hekel en kop toe te werk.

**Oë:** Borduur twee sirkels met bruin garing om oë voor te stel. Omlyn dit met geel steke en borduur 'n geel H in middel van elke oog om pupil voor te stel.

**Tong:** Hekel 10ks met rooi garing en dan 1 ry kb oor ks; gs terug tot 4e kb en hekel nog 4ks, met 4kb oor dié 4ks, eindig met 'n gs. Knip garing af en werk tong aan kop vas.



Die koste van u hotelkamer behoort nie te betaal vir die lopende koste van 'n duur restaurant nie. Deur te besnoei op ekstras soos hierdie, is maar net een manier waarop ons bespaar. En een van die redes waarom City Lodge in staat is om u iets unieks te bied — 'n

moderne hoë gehalte hotelkamer vir net R39,50 per nag. Hoe kry ons dit reg?

Deur te konsentreer op wat u werklik nodig het. Ons geriewe sluit een restaurant vir ligte etes in (die fynproewerplekke is as't ware op ons drumpel). Deur lopende koste laag te hou, kan ons u bied wat u nooit kon dink nie: elegante, gerieflike akkomodasie in

'n 4-ster lugversorgde kamer met 'n en-suite badkamer, dubbelbed, TV en ontspanning- en werkareas — alles vir net R39,50 per nag. Ons geriewe sluit ook 'n kroeg, swembad en ruim parking in.

As u 'n sakeman is wat gerief sonder die fieterjassies wil hê, of 'n

begrotingsbewuste reisiger, hoekom meer

betaal? City Lodge gee u die beste van wat u wil hê,

sonder dat u hoef te betaal vir dit wat u nie nodig het nie.

Skryf aan City Lodge, Sandton, Posbus 423, Cramerview 2060, Suid

Afrika. **Vir besprekings skakel: Johannesburg (011) 706-7800.**

R39,50  
per nag.

Hoekom meer betaal?



# Hoekom het die eerste City Lodge nie ses restaurante nie?

